Februarie 2017

SOS-VERSLAG

MATRIEKUITSLAE 2016

Skoleondersteuningsentrum

'n Inisiatief van Solidariteit Helpende Hand www.skolesentrum.co.za

INHOUDSOPGAWE

1. WIE IS DIE SOS?
2. DOEL VAN DIE VERSLAG
3. OORSIG VAN NASIONALE UITSLAE 2016
4. VERGELYKING TUSSEN PROVINSIES
5. AFRIKAANSE SKOLE
6. WISKUNDE UITSLAE
7. AFRIKAANS HUISTAAL UITSLAE
8. PRESTERENDE SKOLE
9. GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

BRONNE

NSC Examinations 2016: Diagnostic Report

NSC Examinations 2016: School Performance Report

NSC Examinations 2016: Subject Report

School Realities 2005

Education Statistics of South Africa at a Glance 2005

TABELLE

Tabel 1: Vergelyking tussen nasionale slaagpersentasies vanaf 2008 tot 2016.

Tabel 2: Toelating tot verdere studie vanaf 2008 tot 2016.

Tabel 3: Toelating tot verdere studie per provinsie vanaf 2008 tot 2016.

Tabel 4: Vergelyking tussen die Nasionale slaagpersentasie en die slaagpersentasie van Afrikaanse skole.

Tabel 5: Vergelyking tussen die Nasionale graadtoelating en die graadtoelating van Afrikaanse skole.

Tabel 6: Getal leerlinge wat Wiskunde neem vanaf 2012 tot 2016.

Tabel 7: Nasionale Wiskunde-slaagsyfer vanaf 2012 tot 2016.

Tabel 8: Wiskunde-getalle, -slaagsyfers, -slaagintervalle en -onderskeidings vanaf 2012 tot 2016.

Tabel 9: Vergelyking tussen die Nasionale Wiskunde-onderskeidings met die Wiskunde-onderskeidings in Afrikaanse skole.

Tabel 10: Vergelyking tussen seuns en meisies se Wiskunde-uitslae vanaf 2012 tot 2016.

Tabel 11: Vergelyking van die provinsiale Wiskunde-uitslae.

Tabel 12: Onderskeidings in Afrikaans Huistaal per provinsie.

Tabel 13: Vergelyking tussen die grootste vyf huistale in Suid-Afrika.

Tabel 14: Skole met die meeste onderskeidings in Wiskunde.

Tabel 15: Skole met die meeste onderskeidings in Afrikaans Huistaal.

Tabel 16: Skole met die meeste onderskeidings in Rekeningkunde.

Tabel 17: Skole met die meeste onderskeidings in Fisiese Wetenskap.

Tabel 18: Skole wat in Wiskunde, Rekeningkunde en Fisiese Wetenskap goed presteer volgens aantal onderskeidings

GRAFIEKE

Grafiek 1: Vergelyking tussen nasionale slaagpersentasies vanaf 2008 tot 2016.

Grafiek 2: Toelating tot verdere studie vanaf 2008 tot 2016.

Grafiek 3: Nasionale Wiskunde-slaagsyfer vanaf 2012 tot 2016.

Grafiek 4: Vergelyking tussen die getal kandidate wat wiskunde neem met die getal wat wiskunde slaag.

Grafiek 5: Persentasie seuns teenoor meisies vanaf 2012 tot 2016.

1. WIE IS DIE SOS?

Die Solidariteit Helpende Hand Skoleondersteuningsentrum (SOS) bestaan sedert 2014. Die visie van die SOS is om Afrikaanse skole wat wêreldgehalte onderrig bied, te ondersteun om dit steeds in die toekoms te bly bied.

Armoede raak alle mense in die samelewing en kinders word juis die meeste daardeur geraak. Helpende Hand is van mening dat armoede verbreek kan word deur kwaliteit opleiding en onderwys. Aangesien Helpende Hand se fokus die voorkoming, verligting en verbreking van armoede is, is die SOS betrokke by opleiding van onderwysers en leerlinge.

Die SOS-span bestaan uit ses kundiges met ’n wye onderwysagtergrond. Tans fokus die SOS-opleiding op Wiskunde en Afrikaans Huistaal, algemene opvoedkundige beginsels soos leierskap en dissipline, asook onderwysers se rekenaarvaardighede en aanwending van tegnologie ter bevordering van leer in die klaskamer. Die SOS betree ook binnekort die terreine van Rekeningkunde en Fisiese Wetenskap.

2. DOEL VAN DIE VERSLAG

- Om opsommende statistiek van die 2016 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamenuitslae van openbare skole in Suid-Afrika aan skole en die publiek beskikbaar te stel.
- Om aanbevelings vir die nasionale onderwysdepartement en enige opvoedkundige instansie te maak wat tot verbetering van matriekuitslae asook motivering van skole kan lei.

Vir die doeleindes van hierdie verslag is die fokus hoofsaaklik op Afrikaanse skole asook die vakgebiede Wiskunde, Afrikaans Huistaal en in sommige gevalle Rekeningkunde en Fisiese Wetenskap geplaas.

3. OORSIG VAN NASIONALE UITSLAE 2016

3.1. Watter opmerkbare tendense is te bespeur in die nasionale slaagpersentasie sedert 2008?

Tabel 1: Vergelyking tussen nasionale slaagpersentasies vanaf 2008 tot 2016.

		Slaag		Druip	
Jaar	Getal kandidate geskryf	Getal kandidate	Persentasie	Getal kandidate	Persentasie
2008	533 561	334 744	62.7	199 817	37.3
2009	552 073	334 718	60.6	217 355	39.4
2010	537 543	364 513	67.8	171 471	32.2
2011	496 090	348 114	70.2	147 976	29.8
2012	511 152	377 829	73.9	133 323	36.1
2013	562 112	439 779	78.2	122 333	21.8
2014	532 860	403 874	75.8	128 986	24.2
2015	644 536	455 825	70.7	188 711	29.3
2016	610 178	442 672	72.5	167506	27.5



Grafiek 1: Vergelyking tussen nasionale slaagpersentasies vanaf 2008 tot 2016.

Geen nasionale onderwysdepartement mag tevrede wees met meer as ’n kwart van sy matrikulante wat druip nie. Daar is duidelik heelwat leerlinge wat tot in matriek vorder en dan druip as gevolg van onvoldoende onderrig om verskeie redes.

Dit is kommerwekkend dat van die 828 020, wat aanvanklik vir die NSS-eksamen geregistreer het, slegs 717 971 (610 178 voltydse en 107 793 deeltydse kandidate) die NSS-eksamen geskryf het. Die vraag moet gevra word: Wat het van hierdie groot getal kandidate, wat nie geskryf het nie, geword? In Gauteng is daar ’n skool waar 82 minder kandidate geskryf het as wat aanvanklik daarvoor geregistreer het.

As ’n mens verder in ag neem dat alle kandidate wat nie as Afrikaans- of Engels Huistaal-kandidate geregistreer is nie, steeds 3% bykomend tot elke eksamenvak (buiten tale) ontvang, asook die feit dat 28 skoolvakke se punte volgens Umalusi, opwaarts aangepas is, lyk die werklike syfers in der waarheid slegter. Die 3% “hulp” aan kandidate sou aanvanklik uitfaseer, maar is nou weer deur Umalusi tot 2022 ingestel.

3.2. Hoe lyk die toelating tot verdere studie – Nasionale Senior Sertifikaat-eksamenuitslae: 2008 – 2016

Tabel 2: Toelating tot verdere studie vanaf 2008 tot 2016.

		Toelating tot hoër sertifikaat		Toelating tot diploma		Toelating tot B-graad	
Jaar	**Getal kandidate**	**Getal kandidate**	**%**	**Getal kandidate**	**%**	**Getal kandidate**	**%**
2008	533 561	102 032	19.1	124 258	23.3	107 274	20.1
2009	552 073	93 356	17.0	131 035	23.8	109 697	19.9
2010	537 543	91 241	17.1	146 224	27.2	126 371	23.5
2011	496 090	85 296	17.2	141 584	28.5	120 767	24.3
2012	511 152	88 604	17.3	152 881	29.9	136 047	26.6
2013	562 112	94 556	16.8	173 292	30.8	171 755	30.6
2014	532 860	86 022	16.1	166 689	31.3	150 752	28.3
2015	644 536	105 770	16.4	183 720	28.5	166 263	25.8
2016	610 178	100 486	16.5	179 619	29.4	162 374	26.6



Grafiek 2: Toelating tot verdere studie vanaf 2008 tot 2016.

In 2016 was daar 162 374 leerlinge wat toelating tot B-graadstudies in Suid-Afrika behaal het. Hierdie syfer het sedert 2008 met meer as 55 100 gestyg. Die SOS is van mening dat die minimum vereiste vir ’n B-graad verhoog moet word. By die vyf tradisionele Afrikaanse universiteite was daar in 2015 byvoorbeeld slegs plek vir 26.6% van alle studente wat daar aansoek gedoen het. Die spanning wat ’n groei in die vraag na toelating tot tersiêre studies teweegbring, is tans oral op Suid-Afrikaanse kampusse te sien. Vanjaar het meer as 50 000 matrikulante Afrikaans Huistaal-eksamen geskryf. Die grootste meerderheid van hulle moet in 2017 in Engels aan tersiêre instansies studeer weens die verengelsing en beleërde taalbeleid op verskeie kampusse.

4. VERGELYKING TUSSEN PROVINSIES

4.1. Hoe vergelyk provinsies met mekaar betreffende slaagsyfers en toelating?

Tabel 3: Toelating tot verdere studie per provinsie.

Provinsie	2016						
	Getal geskryf	Graad		Diploma		Hoër Sertifikaat	
		Getal kandidate	%	Getal kandidate	%	Getal kandidate	%
Oos-Kaap	**82 902**	15 645	18.9	19 996	24.1	13 520	16.3
Vrystaat	**26 786**	9 596	35.8	10 244	38.2	3 767	14.1
Gauteng	**103 829**	37 582	36.2	37 121	35.8	13 615	13.1
KwaZulu-Natal	**147 648**	36 139	24.5	39 507	26.8	22 347	15.1
Limpopo	**101 807**	18 762	18.4	23 544	23.1	21 281	20.9
Mpumalanga	**54 251**	12 420	22.9	18 447	34.0	10 918	20.1
Noordwes	**32 045**	8 820	27.5	11 177	34.9	6 450	20.1
Noord-Kaap	**10 041**	2 606	26.0	3 278	32.6	2 015	20.1
Wes-Kaap	**50 869**	20 804	40.9	16 305	32.1	6 573	12.9
Nasionaal	**610 178**	**162 374**	**26.6**	**179 619**	**29.44**	**100 486**	**16.5**

Die drie provinsies (Vrystaat, Wes-Kaap en Gauteng) met die hoogste slaagsyfer lewer ook die hoogste persentasie leerlinge vir B-graadstudie. Die Oos-Kaap en Limpopo lewer die kleinste persentasie kandidate vir toelating tot graadstudie. Hierdie provinsies het ook die laagste slaagsyfers. Sterk leierskap en ’n nasionale strategie sal benodig word ten einde onderpresterende provinsies op dieselfde vlak as die ander provinsies te bring. Die houvas van vakbonde op die leierskap en die vestiging van onderwysstandaarde in die onderpresterende provinsies mag nie geringskat word nie.

5. AFRIKAANSE SKOLE

5.1. Wat word bedoel met Afrikaanse skole?

Vir die doeleindes van hierdie verslag word alle skole wat Afrikaans Huistaal as skoolvak aanbied, as Afrikaanse skole beskou.

5.2. Hoe vergelyk Afrikaanse skole se slaagpersentasie met die nasionale slaagpersentasie?

Tabel 4: Vergelyking tussen die nasionale slaagpersentasie en die slaagpersentasie van Afrikaanse skole.

	Nasionaal	Afrikaanse skole
Slaagpersentasie	72.5	89.9

Bostaande statistiek bewys dat Afrikaanse skole uitstekend presteer en steeds vir Afrikaanse leerlinge ’n opvoedkundige tuiste skep. In die skole word die suksesvolle afhandeling van ’n skoolloopbaan amper gewaarborg.

5.3. Hoe vergelyk Afrikaanse skole se uitslae met die nasionale uitslae betreffende graadtoelating?

Tabel 5: Vergelyking tussen die nasionale graadtoelating en die graadtoelating van Afrikaanse skole.

Nasionaal		Afrikaanse skole	
Getal skole geskryf	Getal kandidate B-graadtoelating	Getal skole geskryf	Getal kandidate B-graadtoelating
6 814	162 431	721	32 631

Alhoewel Afrikaanse hoërskole slegs 10.6% van alle hoërskole in Suid-Afrika uitmaak, behaal hulle 20.9% van die toelating tot B-graadstudies. Afrikaanse skole is dus baie meer suksesvol om deure tot graadstudies vir leerlinge te open as ander skole in die land.

6. WISKUNDE-UITSLAE

6.1. Het die getal kandidate wat Wiskunde neem die afgelope vyf jaar vermeerder of verminder?

Tabel 6: Aantal leerlinge wat Wiskunde neem vanaf 2012 tot 2016.

Jaar	Getal kandidate geskryf	Getal kandidate wat Wiskunde neem	Persentasie kandidate wat Wiskunde neem
2012	511 152	225 874	44.2
2013	562 112	241 509	43.0
2014	532 860	225 458	42.3
2015	644 536	263 903	40.9
2016	610 178	265 810	43.6

Die persentasie kandidate wat Wiskunde neem, het met 2.7% toegeneem vanaf 2015. Dit toon 'n redelike konstante prestasie sedert 2012. Die nasionale visie om meer Wiskunde matriekulante te lewer, is persentasiegewys nie juis suksesvol nie.

6.2. Het die nasionale slaagsyfer in Wiskunde die afgelope vyf jaar verbeter of verswak?

Tabel 7: Nasionale Wiskunde-slaagsyfer vanaf 2012 tot 2016.

	Nasionaal		
	Geskryf	**Geslaag**	**Persentasie geslaag**
2012	225 874	121 970	54.0
2013	241 509	142 666	59.1
2014	225 458	120 523	53.5
2015	263 903	129 481	49.1
2016	265 810	135 958	51.1



Grafiek 3: Nasionale Wiskunde-slaagsyfer vanaf 2012 tot 2016.



Grafiek 4: Vergelyking tussen getal kandidate wat Wiskunde neem met die getal wat Wiskunde slaag.

Daar is ’n effense toename in die aantal leerlinge wat Wiskunde as skool-vak neem desnieteenstaande is die SOS bekommerd of daar genoegsame Wiskunde-onderwysers sal wees om ’n stygende getal wiskundiges te leer. Dit word gesien in die lig van ’n bestaande tekort aan gekwalifiseerde Wiskunde-onderwysers in openbare skole.

6.3. Hoe lyk die algehele Wiskunde-prentjie?

Tabel 8: Nasionale Wiskunde-getalle, -slaagsyfers, -slaagintervalle en –onderskeidings.

	2012	2013	2014	2015	2016
Getal kandidate wat matriek geskryf het	511 152	562 112	532 860	644 536	610 178
Getal kandidate wat die Wiskunde-eksamen geskryf het	225 874	241 509	225 458	263 903	265 810
Persentasie kandidate wat Wiskunde geneem het	44.2	43.0	42.3	40.9	43.6
Getal kandidate wat die Wiskunde-eksamen geskryf het	225 874	241 509	225 458	263 903	265 810
Getal kandidate meer as 30%	121 970	142 666	120 523	129 481	135 958
Getal kandidate meer as 40%	80 716	97 790	79 050	84 297	89 084
Getal onderskeidings vir Wiskunde	6 591	8 217	7 216	7 791	8 070
Persentasie kandidate meer as 30%	54	59.1	53.5	49.1	51.1
Persentasie kandidate meer as 40%	35.7	40.5	35.1	31.9	33.5
Persentasie onderskeidings in Wiskunde	2.9	3.4	3.2	3.0	3.0

Dit bly skokkend dat 66.5% van alle kandidate wat Wiskunde neem, minder as 40% vir die vak behaal. Slegs 1.3% van alle kandidate wat matriek skryf, slaag Wiskunde met ’n onderskeiding. Nog meer kommerwekkend is dat slegs 7.9% van die graad 1-klas van 2005 (matriekklas van 2016) bo 40% in Wiskunde kon behaal. Dit is ’n aanklag teen die onderwysstelsel. **Slegs ongeveer 3 leerlinge uit ’n gemiddelde klas van 35 leerlinge wat in 2005 in graad 1 was, het ’n kans gehad om dus 40% in Wiskunde in 2016 se NSS-eksamen te behaal.**

6.4. Hoe vergelyk Afrikaanse skole se onderskeidings in Wiskunde met die nasionale getal Wiskunde-onderskeidings?

Tabel 9: Vergelyking tussen die Nasionale Wiskunde-onderskeidings met die Wiskunde-onderskeidings in Afrikaanse skole.

Nasionaal			Afrikaanse skole		
Getal skole	**Getal onderskeidings**	**Verhouding van onderskeiding per skool**	**Getal skole**	**Getal onderskeidings**	**Verhouding van onderskeiding per skool**
6 814	8 070	1.2	721	2 576	3.6

Die groep van 721 Afrikaanse skole verteenwoordig slegs 10.6% van al die skole wat Wiskunde tydens 2016 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen geskryf het. Hierdie skole het 31.9% van al die Wiskunde-onderskeidings ingepalm. Uit bogenoemde statistiek kan afgelei word dat die gehalte van Wiskunde-onderrig by Afrikaanse skole uitstekend is. Genoemde skole vaar 300% beter as die ander skole.

6.5. Hoe vergelyk die Wiskunde-uitslae van seuns met meisies?

Tabel 10: Vergelyking tussen seuns en meisies se Wiskunde-uitslae vanaf 2012 tot 2016.

	SEUNS **(NASIONAAL)**			MEISIES **(NASIONAAL)**		
Jaar	**Getal geskryf**	**Getal geslaag**	**Persentasie geslaag**	**Getal geskryf**	**Getal geslaag**	**Persentasie geslaag**
2012	103 254	61 648	59.7	122 620	60 322	49.2
2013	108 725	70 597	64.9	132 784	72 069	54.3
2014	102 413	60 709	59.3	123 045	59 814	48.6
2015	119 498	65 583	54.9	144 405	63 898	44.3
2016	119 540	68 128	57.0	146 270	67 830	46.4
TOTAAL	**553 430**	**326 665**	**59.2**	**522 854**	**323 933**	**48.6**



Grafiek 5: Persentasie seuns teenoor meisies vanaf 2012 tot 2016.

Oor die laaste 5 jaar het seuns gemiddeld bykans 10 persentasiepunte hoër presteer in Wiskunde as meisies in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen. Dit is in ooreenstemming met die wêreldwye tendens soos bevind in internasionale studies van TIMSS en PISA.

6.6. Hoe vergelyk provinsies se Wiskunde-prestasie?

Tabel 11: Vergelyking van die provinsiale Wiskunde-uitslae.

Wiskunde					
Provinsie	**Getal kandidate geskryf**	**Getal wat 30% en meer behaal**	**Persentasie wat 30% en meer behaal**	**Getal wat 40% en meer behaal**	**Persentasie wat 40% en meer behaal**
Oos-Kaap	39 628	14 858	37.5	8 781	22.2
Vrystaat	10 366	7 387	71.3	5 037	48.6
Gauteng	38 639	26 542	68.7	19 164	49.6
KwaZulu-Natal	81 323	30 827	37.9	18 699	23.0
Limpopo	43 589	23 489	53.9	14 633	33.6
Mpumalanga	23 316	12 494	53.6	7 973	34.2
Noordwes	10 596	6 647	62.7	4 291	40.5
Noord-Kaap	2 789	1 694	60.7	1 116	40.0
Wes-Kaap	15 564	12 011	77.2	9 390	60.3
Nasionaal	**265 810**	**135 958**	**51.1**	**89 084**	**33.5**

Die drie provinsies met die meeste Wiskunde-kandidate (KwaZulu-Natal, Limpopo en Oos-Kaap) vaar nie net die swakste in Wiskunde nie, maar is ook die drie provinsies met die swakste slaagsyfer. Gauteng vaar dubbeld so goed soos KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap vaar dubbeld so goed soos die Oos-Kaap. Dit bewys dat goeie Wiskunde-prestasies wel moontlik is. Wat veroorsaak hierdie ongelykheid? Die SOS is van mening dat daar in die swakste drie presterende provinsies talle leerlinge is wat nie in die Wiskunde-klas hoort nie. Hulle behoort Wiskundige Geletterdheid te neem. Die nasionale onderwysdepartement kan dit egter nie bekostig dat hierdie groot getal leerlinge nie Wiskunde neem nie, aangesien groeiende Wiskunde-getalle ’n nasionale mikpunt is.

7. AFRIKAANS HUISTAAL-UITSLAE

7.1. Hoe vergelyk provinsies se aantal onderskeidings vir Afrikaans Huistaal met mekaar?

Tabel 12: Onderskeidings in Afrikaans Huistaal per provinsie.

Provinsie	Getal kandidate geskryf	Getal Skole	Getal onderskeidings	Persentasie van totale onderskeidings
Gauteng	10 211	109	1 062	41.8
Limpopo	1 238	15	76	3.0
Mpumalanga	2 168	32	95	3.7
KwaZulu-Natal	790	25	26	1.0
Noord-Kaap	5 345	89	45	1.8
Noordwes	2 511	37	160	6.3
Oos-Kaap	4 557	93	66	2.6
Vrystaat	3 223	73	117	4.6
Wes-Kaap	19 976	248	895	35.2
Totaal	**50 019**	**721**	**2 542**	

Uit bostaande kan ons sien dat Gauteng en Wes-Kaap 77% van alle onderskeidings in Afrikaans Huistaal lewer alhoewel hul net 60% van al die leerlinge het wat die vak neem.

7.3. Hoe vergelyk die grootste vyf Suid-Afrikaanse huistale se getalle en getal onderskeidings wat daarin behaal is met mekaar?

Tabel 13: Vergelyking tussen die grootste vyf huistale in Suid-Afrika.

Huistaal	**2016**		**2016**	
	Totaal geskryf	Persentasie geslaag	Totale aantal onderskeidings	Persentasie onderskeidings
Afrikaans	50 019	96.6	2 539	5.1
Engels	107 967	94.1	4 705	4.4
Xhosa	97 164	99.8	2 180	1.3
Zoeloe	165 572	98.8	5 932	3.6
Pedi	83 570	98.9	1 762	2.1

5.1% van alle Afrikaans Huistaal-kandidate behaal huistaal-onderskeidings. Dit is die grootste persentasie huistaal-onderskeidings van al vyf die grootste huistale – voorwaar ’n prestasie waarvoor kandidate en onderwysers gelukgewens kan word.

8. PRESTERENDE SKOLE

Vir die doeleindes van hierdie verslag is slegs skole met die meeste onderskeidings in ag geneem. Groter skole word uiteraard hierdeur bevoordeel bo kleiner skole. Die persentasie van die skool se matrikulante wat onderskeidings behaal het, is ook aangedui – hoe hoër hierdie persentasie hoe beter was die prestasie.

8.1. Watter skole het die meeste onderskeidings in Wiskunde behaal?

Tabel 14: Skole met die meeste onderskeidings in Wiskunde.

Nasionale Senior Sertifikaat 2016: Wiskunde				
Nr.	**Skool**	**Provinsie**	**Getal A's**	**Persentasie matrieks wat onderskeidings behaal teenoor die voltal ingeskrewe kandidate per skool**
1	Paul Roos Gimnasium	Wes-Kaap	74	33.5
2	Diocesan College (Bishops)	Wes- Kaap	69	46.0
3	Hoërskool Menlopark	Gauteng	68	22.7
4	Westerford High School	Wes-Kaap	60	33.3
5	Hoërskool D.F. Malan	Wes-Kaap	60	28.8
6	Afrikaanse Hoër Meisieskool	Gauteng	59	28.4
7	Pretoria Boys High School	Gauteng	58	19.7
8	Rondebosch Boys High School	Wes-Kaap	57	38.0
9	Westville Boys High	KZN	57	25.1
10	Star College skole	Verskeie	55	51.9
11	Hoërskool Zwartkop	Gauteng	53	17.7
12	Hoër Meisieskool Bloemhof	Wes-Kaap	52	38.0
13	Hoërskool Stellenberg	Wes-Kaap	51	19.4
14	Paarl Gimnasium	Wes-Kaap	49	22.5
15	Eunice	Vrystaat	48	29.3
16	Pretoria High School For Girls	Gauteng	47	18.1
17	S.A. College High School	Wes-Kaap	46	32.9
18	Afrikaanse Hoër Seunskool	Gauteng	46	19.0
19	Fairmont Hoërskool	Wes-Kaap	45	17.9
20	Hoërskool Waterkloof	Gauteng	45	13.8

Uit die top 20 skole is 7 seunskole, 4 meisieskole, 9 dubbelgeslagskole, 11 Afrikaanse skole en 9 Engelse skole. 10 skole is uit Wes-Kaap en 7 uit Gauteng.

8.2. Watter skole het die meeste onderskeidings in Afrikaans Huistaal behaal?

Tabel 15: Skole met die meeste onderskeidings in Afrikaans Huistaal.

Nasionale Senior Sertifikaat 2016: Afrikaans Huistaal				
Nr.	**Skool**	**Provinsie**	**Getal A's**	**Persentasie matrieks wat onderskeidings behaal teenoor die voltal ingeskrewe kandidate per skool**
1	Hoërskool Menlopark	Gauteng	108	36.1
2	Afrikaanse Hoër Meisieskool	Gauteng	103	49.5
3	Hoërskool Waterkloof	Gauteng	91	28.0
4	Hoërskool Garsfontein	Gauteng	70	20.0
5	D.F. Malan Hoërskool	Wes-Kaap	69	33.2
6	Hoër Meisieskool Bloemhof	Wes-Kaap	64	46.7
7	Hoërskool Outeniqua	Wes-Kaap	59	19.1
8	Hoërskool Eldoraigne	Gauteng	55	19.2
9	Paarl Gimnasium	Wes-Kaap	47	21.6
10	Hoërskool Monument	Gauteng	46	16.4
11	Durbanville High School	Wes-Kaap	42	23.9
12	Afrikaanse Hoër Seunskool	Gauteng	41	16.9
12	Hoërskool Stellenberg	Wes-Kaap	40	15.2
14	Hoërskool Zwartkop	Gauteng	37	12.4
15	Hoërskool Transvalia	Gauteng	35	16.5
15	Hoërskool Kempton Park	Gauteng	34	14.5
17	Hoërskool Bellville	Wes-Kaap	34	16.7
18	Hoërskool Noordheuwel	Gauteng	32	11.9
19	Hoërskool Pietersburg	Limpopo	30	12.0
19	Hoërskool Linden	Gauteng	30	20.4

Uit die top 20 skole is twee meisieskole en een seunskool – die res is gemengde skole. 12 skole is uit Gauteng.

8.3. Watter skole het die meeste onderskeidings in Rekeningkunde?

Tabel 16: Skole met die meeste onderskeidings in Rekeningkunde.

Nasionale Senior Sertifikaat 2016: Rekeningkunde				
Nr.	**Skool**	**Provinsie**	**Getal A's**	**Persentasie matrieks wat onderskeidings behaal teenoor die voltal ingeskrewe kandidate per skool**
1	Westville Boys High	KZN	63	27.8
2	Hoërskool Menlopark	Gauteng	57	19.1
3	Hoërskool Garsfontein	Gauteng	54	15.4
4	Paul Roos Gimnasium	Wes-Kaap	53	24.0
5	Maritzburg College	KZN	48	18.9
6	Afrikaanse Hoër Meisieskool	Gauteng	48	23.1
7	Afrikaanse Hoër Seunskool	Gauteng	43	17.8
8	Hoër Meisieskool Bloemhof	Wes-Kaap	42	30.7
9	UJ Metropolitan Academy	Gauteng	40	42.6
10	Hoërskool Monument	Gauteng	40	14.2
11	Lenasia Muslim School	Gauteng	39	41.5
12	Al-Aqsa School	Gauteng	36	37.9
13	Pretoria Boys High School	Gauteng	34	11.5
14	Orient Islamic	Gauteng	34	23.6
15	Paarl Gimnasium	Wes-Kaap	33	15.1
16	Star College skole	Verskeie	32	30.2
17	Parktown Girls High School	Gauteng	32	14.2
18	Greenbury Secondary School	Gauteng	32	12.5
19	Hoër Jongenskool Paarl	Wes-Kaap	32	18.1
20	Outeniqua Hoërskool	Wes-Kaap	31	10.0

Uit die top 20 skole is 10 Afrikaanse skole en 7 is enkelgeslagskole.

8.4. Watter skole het die meeste onderskeidings in Fisiese Wetenskap?

Tabel 17: Skole met die meeste onderskeidings in Fisiese Wetenskap.

Nasionale Senior Sertifikaat 2016: Fisiese Wetenskap				
Nr.	**Skool**	**Provinsies**	**Getal onderskeidings**	**Persentasie matrieks wat onderskeidings behaal teenoor die voltal ingeskrewe kandidate per skool**
1	Westerford High School	Wes-Kaap	51	28.3
2	Hoërskool Menlopark	Gauteng	50	16.7
3	Westville Boys High School	KZN	47	20.7
4	Hoërskool Waterkloof	Gauteng	45	13.8
5	Diocesan College (Bishops)	Wes-Kaap	44	29.3
6	Paul Roos Gimnasium	Wes-Kaap	44	19.9
7	Star College skole	Verskeie	44	41.5
8	Rondebosch Boys' High School	Wes-Kaap	43	28.7
9	S.A. College High School	Wes-Kaap	43	30.7
10	Hoërskool Garsfontein	Gauteng	42	12.0
11	Fairmont Hoërskool	Wes-Kaap	40	15.9
12	Afrikaanse Hoër Seunskool	Gauteng	38	15.7
13	Afrikaanse Hoër Meisieskool	Gauteng	38	18.3
14	Thengwe Secondary	Limpopo	38	11.1
15	Mbilwi Secondary	Limpopo	37	10.2
16	Hoër Meisieskool Bloemhof	Wes-Kaap	37	27.0
17	Hoërskool Stellenberg	Wes-Kaap	36	13.7
18	Pretoria Boys High School	Gauteng	36	12.2
19	Maritzburg College	KZN	35	13.8
20	Hoërskool Zwartkop	Gauteng	34	11.4

Uit die top 20 skole is 9 Afrikaanse skole, 9 enkelgeslagskole waarvan 7 seunskole is .

Tabel 18: Skole wat in Wiskunde, Rekeningkunde en Fisiese Wetenskap goed presteer volgens aantal onderskeidings

Skool	Posisie in Wiskunde	Posisie in Rekening-kunde	Posisie in Fisiese Wetenskap	Gemiddelde posisie
Hoërskool Menlopark	3	2	2	2,3
Paul Roos - Gimnasium	1	4	6	3,7
Westville Boys High	9	1	3	4,3
Afrikaanse Hoër Meisieskool	6	6	13	8,3
Star College skole	9	16	7	10,7
Hoër Meisieskool Bloemhof	10	8	16	11,3
Afrikaanse Hoër Seunskool	16	7	12	11,7

Uit hierdie top sewe skole is vyf Afrikaanse skole en vyf enkelmediumskole

9. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die SOS beklemtoon die goeie prestasie van Afrikaanse skole en voel dat ander skole wat swak presteer, wat lamgelê word deur politiek, stakings, swak werksetiek en gebrekkige leierskap, vasgevat behoort te word. Verder moet die beste praktyke van Afrikaanse skole, wat aanleiding gee tot die uitsonderlike prestasies soos vervat in hierdie verslag, bestudeer word. Afrikaanse skole moet verkieslik goed ondersteun word en aangemoedig word om hul goeie onderwys voort te sit.

Die hoë voorkoms van swak presterende skole word gelukkig reeds as prioriteit deur die departement van onderwys erken. Die nasionale onderwysdepartement kan gaan kers opsteek by skole waar daar gesonde en suksesvolle onderwyspraktyk toegepas word. Hier hoef die onderwysdepartement nie verder as Afrikaanse skole te soek nie.

Afrikaanse skole vaar beduidend beter as die gemiddelde openbare skool in Suid-Afrika en skoolhoofde en onderwysers van hierdie skole ontvang hopeloos te min erkenning in die media aangaande die puik standaarde en gehalte van onderrig – Afrikaanse skole beklee die top plekke as daar na die prestasie met onderskeidings in veral Wiskunde, Rekeningkunde en Fisiese Wetenskap gekyk word. Om Afrikaanse skole onder druk te plaas of kunsmatig te verengels, gaan nie die nasionale onderwysprobleme oplos nie. Hierdie sentrums van uitnemendheid moet juis deur onderwysleiers erken en ondersteun word. Afrikaanse skole kan nie op hul louere rus nie. Daar sal nog harder gewerk moet word om nog beter uitslae te kry.

Die stand van nasionale Wiskunde-onderrig moet na aanleiding van die afgelope matriekuitslae die grootse enkele bron van bekommernis vir die onderwysdepartement te wees. Daar sal aandag gegee moet word aan die opleiding van Wiskunde-onderwysers en die SOS is bereid om hiertoe ’n bydrae te lewer.

Die finansiële welstand van die skoolgemeenskap speel nie so ’n groot rol in skoolprestasie as wat algemeen aanvaar word nie. Hier kan ‘n mens slegs na Thengwe Secondary School en Mbilwe Secondary School, beide in Limpopo, kyk. Beide is kwintiel 2-skole, maar het uiters goed gevaar wat hul algehele slaagpersentasie en onderskeidings in Wiskunde en Fisiese Wetenskap betref. Beide skole het die top-20-skolelys in Fisiese Wetenskap- onderskeidings behaal. Die onderwysdepartement kan gerus hierdie skole se wenresep by ander skole gaan kloon.

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) sal voortgaan om hul te beywer vir die behoud en verbetering van Afrikaanse skole wat reeds van wêreldgehalte is. Hoër prestasies kan steeds behaal word. Die SOS wil ’n bydrae lewer tot die uitbreiding van kwaliteit onderwys in Suid-Afrika.